



#SwarriesGeeOm

Nuusbrief 5
19 Mei 2020

Liewe Swarrie ouer,

O die huiswerk!!!

Baie van ons ouers, indien nie almal nie, is bietjie verbaas oor die huiswerk situasie. Sommige kinders sê:


- a) hulle het die werk gedoen en dan het hulle nie,
- b) ander sê hulle verstaan nie,
- c) ander verwag jy moet dit doen,
- d) ander verwag jy moet heeldag by hulle sit,
- e) ander sê dis te veel,
- f) ander sê hulle is nie lus nie,
- g) ander doen die verkeerde werk,
- h) ander sê huiswerk is simpel,
- i) ander sê hulle is moeg,
- j) ander se boeke is weg..... en so gaan die lysesie aan.



In die staat van inperking kry ek die idee dat die huiswerk nog 'n ding op die lysesie word om agter die rug te kry. Dit blyk ook 'n ingewikkelde, tydsame en senutergende aktiwiteit te wees. Hier is 'n paar dinge wat kan help om huiswerk meer van 'n draagbare, of selfs 'n plesierige aktiwiteit te maak.

Navorsing sê een van die goue reëls is dat ONS (ouers) moet ontspan. 'n Gespanne ouer maak dat geen kind vinniger of beter werk nie - die spanning in jou kind se brein gee aanleiding tot stress response - dis daai oomblik dat jou kind jou so sit en aanstaar... Die kortisolvlakke in die brein verhoog verder - wat gefokusde werk geensins ondersteun nie.

Bron: <https://i.ytimg.com/vi/S5uftFsVdME/maxresdefault.jpg>



Weet wat jou kind se manier van leer is. Is hy of sy 'n ouditiewe leerder? Dan gaan jou kind die maklikste leer deur die inligting te hoor. Is jou kind 'n kinestetiese leerder?, dan gaan jou kind dinge wil ervaar om die werk hulle eie te maak. Is jou kind 'n visuele leerder, dan sal hulle dinge wil sien sodat hulle dit kan onthou.

Een van die grootse uitdagings wat ouers by my aanmeld is hulle kinders se swak motivering om huiswerk te doen. Volgens Egan (2008) word leerders in groepe ingedeel:

1. **Die uitsteller:** Hulle sal die take later voltooi, daar is nou iets meer belangriks om te doen.
2. **Die vergeetagtige:** Hulle het vergeet om die of daai af te skryf, juffrou het nie gesê nie, hulle het nie geweet dit moet nou al klaar nie...
3. **Die perfeksionis:** Dit moet perfek wees, anders werk dit nie. En jy word deel van die proses.
4. **Die spoedvraat:** Hoe vinniger, hoe beter, reg of verkeerd, lelik of mooi, maak nie saak nie, DIS KLAAR!
5. **Die rebel:** Jou kind sien glad nie die noodsaaklikheid in om huiswerk te voltooi nie en druk al jou knoppies om konflik te veroorsaak sodat die werk nie gedoen kan kom nie.

Hier moet ek noem dat kinders ook 'n kombinasie van meer as een soort leerder kan wees.

Wat ons moet onthou is dat die proses van huiswerk doen, baie belangrik is, veral in die laerskool. Ons wil die kinders kry om te dink oor wat hulle doen, en nie net als af te rammel of glad nie te doen nie. In plaas van raas, vra eers:

1. **Wat moes jy doen? Wys my die werk. Wys my waar jy dit voltooi het.**
2. **Let op na detail. Datums en nommers is tog belangrik en leer die kinders goeie gewoontes aan.**
3. **Is jy tevrede met die werk wat jy vandag gedoen het? (Hier hou jy jousef baie in....) Wat kan jy verbeter?**
4. **Hoeveel tyd het jy geneem om die werk te voltooi?**
5. **Gee jousef 'n punt uit 10 (sê jy vir jou kind) en dan gee jy as ouer 'n punt uit 10.**

En die volgende dag herhaal ons maar weer die proses, tussen die werksdruk, geldnood en ingeperktheid. En ons bid elke aand baie hard dat die skool tog weer kan begin sodat juffrou en meneer die las 'n bietjie van ons ouers se skouers kan afneem....

Groete

Tia Bosua Gruenfelder

